

# Sonnerad

**NUUSBRIEF VAN DIE SA VERENIGING VIR KULTUURGESKIEDENIS  
NEWSLETTER OF THE SA SOCIETY FOR CULTURAL HISTORY**

JG 37, NR 1

April 2020

VOL 37, NO 1

April 2020

---

Geagte lede

Die Koronaviruspandemie en die inperking het 'n groot negatiewe impak op ons erfenis. Museums, erfenisgebiede- en instansies wat afhanklik is van toerisme, is nou sonder hul hoofinkomste. Dit kan tot die agteruitgang van ons erfenis lei en kundige personeel kan hul werk verloor. In hierdie tydperk is erfenisbewaring nie hoog op die meeste mense se lys van prioriteite nie. Dit is ons erfenisliefhebbers se plig om mense te herinner aan ons erfenis en 'n bydrae te lewer om te keer dat ons verlede nie in die toekoms verlore gaan nie.

Julle is welkom om deur die jaar vir my relevante berigte vir plasing in die *Sonnerad* te stuur. Dankie aan almal wat tot hierdie maand se interessante nuusbrief bygedra het

Groete

Petra Luus

Redakteur

[petra@es.org.za](mailto:petra@es.org.za)

Dear members

The Corona virus pandemic and the lockdown have an enormous negative impact on our heritage. Museums, heritage sites and institutions that are dependent on tourism are now without their main income. This situation can lead to the decline of our heritage and knowledgeable staff may face unemployment. In this period, heritage conservation is not on most people's list of top priorities. It is up to those of us who are passionate about our heritage to remind others about its value and to prevent the loss of our heritage in the future.

You are welcome to send any relevant articles for publication throughout the year. Thank you to everyone who made a contribution to this month's interesting newsletter.

Regards

Petra Luus

Editor

[petra@es.org.za](mailto:petra@es.org.za)

---

## NUUS UIT DIE RAAD

---

- ❖ Die 2019-kongres in Simonstad was 'n groot sukses. Baie dankie aan almal wat die geleentheid help reël het en vir die lede wat dit bygewoon het.
- ❖ As die Koronavirus nie ons planne kniehalter nie, vind die volgende kongres nog steeds tussen 9-10 Oktober 2020 in Clarens plaas. Meer inligting sal volg.
- ❖ Celeste Rossouw het as ledesekretaris uit die Raad getree. Ons bedank haar vir die goeie werk wat sy in dié pos verrig het.
- ❖ Ons kan met trots aankondig dat die volgende lede van ons vereniging onlangs hul doktorsgrade in geskiedenis behaal het. Baie geluk aan dr. Evelyn Ferreira, dr. Vicky Heunis, dr. Johan Heunis en dr. Johan van Zyl. Ons is trots op julle prestasie!
- ❖ Beskikbare uitgawes van die *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* is te koop. Die koste beloop R50 per tydskrif (posgeld uitgesluit). Kontak Petra Luus by [petra@es.org.za](mailto:petra@es.org.za).

---

## DOKTORSGRADE

---

Ons is bevoordeel dat dr. Evelyn Ferreira, dr. Johan van Zyl en dr. Vicky Heunis meer oor die onderwerpe van hulle proefskrifte met ons deel.

### Dr. Evelyn Daniel Ferreira

Dr. Evelyn Daniel Ferreira het onlangs sy doktorsgraad in geskiedenis van die Universiteit van Noordwes ontvang. Dr. Ferreira is tans afgetree en werk as 'n deeltydse navorser. Hy was vir 'n aantal jare 'n bestuurder by die ATKV en het voor dit as skoolhoof en onderwyser gewerk. Die titel van die proefskrif is "Aanpassingspatrone van 'n kultuurorganisasie by 'n veranderende politieke en kulturele milieu: Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) tussen 1980 en 2009."

Die probleem wat ondersoek is, is of die ATKV as kultuurorganisasie hom in die betrokke tydperk by veranderende politieke en kulturele eise kon aanpas ten einde sy volhoubaarheid en voortbestaan as taal- en kultuurorganisasie op die medium en langer termyn te verseker. Die doel was dus om aanpassingspatrone van dié kultuurorganisasie in die tydperk onder bespreking te identifiseer.

Die tydperk van 29 jaar wat deur die studie gedek word, verskaf 'n oorsig van die ATKV se geskiedenis sedert die organisasie se 50ste verjaarsdag in 1980 tot 2009 toe die grondslag vir 'n nuwe toekomsstrategie deur die direksie gelê is. Hierdie strategie was pro-aktief op die

veranderende omstandighede gerig en daar is sedert 2006 reeds met die gedeeltelike implementering daarvan begin.

Ten einde die ATKV se kulturele en politieke posisionering in hierdie tydperk te verstaan, is onder meer die destydse diepgaande besinning oor die Afrikaner se verhouding tot die breë Afrikaanse gemeenskap, asook die rol wat die organisasie se leierskap in hierdie konteks gespeel het, nagevors. Die metodologie van die vakdissiplines kultuurgeskiedenis sowel as geskiedenis is in die studie aangewend. Dit gaan enersyds oor die geskiedenis van die ATKV in 'n bepaalde tydperk, maar dan ook die mens se sentrale rol in die proses van kultuurskepping.

Aanpassingspatrone deur die ATKV is op drie gebiede geïdentifiseer: 'n doelbewuste strewe na 'n nuwe beeld vir die organisasie, die impak van 'n veranderende Afrikaneridentiteit op die organisasie en die veranderende karakter wat die organisasie se kultuuraktiwiteite op praktiese vlak begin aanneem het.

Die algemene relevansie van hierdie studie lê daarin dat dit die onvermydelikheid van aanpassing by verandering beklemtoon. In die geval van 'n kultuurorganisasie moet die leierskap die verantwoordelikheid dra vir die strategie wat hy in die proses van verandering aanvaar en implementeer. In die geval van die ATKV het hy hom herposisioneer ten opsigte van sy mark en hom aangepas van 'n organisasie hoofsaaklik vir die Afrikaner, tot 'n organisasie wat homself beskikbaar gestel het as 'n kultuurtuiste vir die totale Afrikaanssprekende gemeenskap.

E.D. Ferreira

#### Dr. Jan Johannes Rudolph (Johan) van Zyl

#### BETHULIE 1896-1907, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE ANGLO-BOEREOORLOG

Bovermelde studie, getiteld *Bethulie 1896-1907, met spesifieke verwysing na die Anglo-Boereoorlog*, het ten doel om die impak en gevolge van die Anglo-Boereoorlog op 'n Vrystaatse dorp en distrik, in hierdie geval Bethulie, te ondersoek, te rekonstrueer en te evalueer. Omrede die studie op 'n bepaalde geografiese gebied en sy gemeenskap fokus, bevat dit derhalwe 'n baie sterk genealogiese en sosiale geskiedenis-onderbou.

Navorsing oor Bethulie tydens die Anglo-Boereoorlog word dikwels oorheers deur inligting oor die Bethulie-konsentrasiekamp, juis vanweë die onmenslike omstandighede wat in die kamp geheers het en die uitsonderlike groot aantal sterftes. Vir doeleindeste van hierdie studie word egter meer gefokus op Bethulie as strategiese dorp en die impak wat die Anglo-Boereoorlog op die inwoners, hul gesinne en lewensomstandighede asook op die Bethulie-distrik gehad het. Bethulie is as 'n strategiese dorp beskou, in dié sin dat die hoofspoorlyn vanaf Oos-Londen na Bloemfontein oor 'n spoorbrug oor die Oranjerivier digby die dorp geloop het.

Om die impak van die oorlog op die gemeenskap te verstaan, is op 1896 (die Jameson-inval) as vertrekdatum besluit. In die eerste hoofstuk word 'n oorsig van die Bethulie-distrik verskaf, wat

die topografie, geologie, klimaat, infrastruktuur, inwoners en ekonomiese welvaart insluit. Die studie behels verder die krygsverloop, met spesifieke verwysing na die rol van die Bethulie-kommando, asook die Britse inval in die Suid-Vrystaat, die verskroeideardebeleid en die uiteindelike ontstaan van die Bethulie-konsentrasiekamp.

Genoemde aspekte word soos volg in meer besonderhede weergegee:

**Die Bethulie-kommando:** Klem word gelê op die sterkte van hierdie kommando; voorbereidings en oproep tot krygsdiens; die inval in die Noordoos-Kaapkolonie; die onderskeie gevegte waaraan hierdie krygsmag deelgeneem het; die krygsgevangeneming van die grootste gedeelte van hierdie kommando in die Brandwaterkom in Julie 1900; guerrilla-optrede in die distrik; en die vrede op 31 Mei 1902.

**Britse betrokkenheid:** Britse betrokkenheid by Bethulie begin met 'n verkennig van die Bethulie-omgewing voor die oorlog deur majoor E.A. Altham, wat in 'n latere Britse intelligensieverslag gepubliseer is; generaal-majoor William Gatacre en sy mag se geveg te Stormberg in Desember 1899 met onder meer die Bethulie-kommando; die Britse opmars na Bethulie en die geveg in Maart 1900 by die Bethulie-brûe; skermutselings in die Bethulie-distrik; die oprig van die Bethulie-Springfontein-blokhuislyn; die werksaamhede van die Bethulie Town Guard; en die Britse administrasie in die distrik.

**Die Bethulie-konsentrasiekamp:** Die ontstaan; behuising; rantsoene; mediese versorging; Britse amptenare; mediese personeel; siektes; sterftes; die geestelike versorging van die kampbewoners deur die kerk; onderwys; die kampweeshuis; asook hensoppers en joiners, geniet aandag. 'n Omvangryke databasis van al die hierdie kamp se inwoners, asook omliggende kampe waar Bethulie-inwoners aangehou is, het dit moontlik gemaak om statistieke by wyse van grafieke en tabelle deel van die studie te maak wat nuwe feite oor hierdie kamp onthul.

Die voorlaaste hoofstuk fokus op die heropbou van die dorp en sy gemeenskap ná die verwoestende oorlog en bevat aspekte soos die hervestiging van die inwoners op hul plese; naoorlogse kompensasie; die Kransdraai-arbeidskolonie; verskeie ander maatskaplike uitdagings; asook die prominente rol van die kerk in die opbou van 'n naoorlogse Bethulie-gemeenskap. Die hoofstuk sluit af met die eerste verkiesing in 1907, ná die toekenning van selfbestuur aan die Orange River Colony in 1906.

Johan van Zyl

#### Dr. Victoria Regina (Vicky) Heunis

Dr. Heunis het aan die Universiteit van Pretoria gestudeer waar sy 'n BA-graad in Erfenis- en Kultuurtoerisme (2002), 'n Honneursgraad in Erfenis- en Museumstudies (2004), asook 'n Meestersgraad in Kultuurgeskiedenis (2008) behaal het. Vanaf 2002 tot 2008 het sy by die Voortrekkermonument en Erfenistigting as Argief- en Museumversamelingsbeampte gewerk. In 2008 verhuis Vicky na Bloemfontein en is sedert 2009 die Versamelingsbestuurder by die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke.

In haar proefskrif getiteld, *Anglo-Boereoorlog Boerekrygsgevangenekuns, 1899-1902* het die *promovenda* gefokus op die onderwerp van Boerekrygsgevangenekuns wat deur krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog (ook bekend as die Suid-Afrikaanse Oorlog) van 1899-1902 nie alleen in krygsgevangenekampe in Suid-Afrika nie (Kaapkolonie en Natal), maar ook aan boord van skepe en veral in die buiteland op St. Helena, Ceylon, Indië en Bermuda vervaardig is. Die terminologie van volkskuns, memorabilia en loopgraafkuns is ondersoek, gedefinieer en daar is bevind dat die handgemaakte driedimensionele kultuurhistoriese voorwerpe wat deur Boerekrygsgevangenes van rou stowwe en oorlogs-materiaal vervaardig is, as 'n onderafdeling van die internasionale akademiese diskouers en terminologie van loopgraafkuns getipeer kan word. 'n Kultuurhistoriese benadering is gevolg deur vas te stel wat die motiverings was waarom Boerekrygsgevangenekuns gemaak is, die materiaal waarvan en waarmee dit vervaardig is, wie die vakmanne was wat die krygsgevangenekuns gemaak het, die simboliek en inherente betekenis wat die voorwerpe ingehou het, watter tipe voorwerpe gemaak is, die afsetgebied en beskikbare markte vir die verspreiding, verkope en uitstalling van die items, asook die belangrikheid van Boerekrygsgevangenekuns gedurende die twintigste eeu tot vandag. Die ooreenkoms en verskille van Boerekrygsgevangenekuns afkomstig van die onderskeie lande van aanhouding, is waar moontlik uitgelig, veralgemenings is aangespreek en daar is op geïdentifiseerde leemtes uitgebrei en met toepaslike geïllustreerde voorbeeldte toegelig. Dié benadering het die kultuurhistoriese belang en relevansie na vore gebring in plaas daarvan om bloot net 'n inventaris van krygsgevangenekuns daar te stel.

Victoria Regina Heunis

---

## MUSEUM- EN ERFENISNUUS

---

### DIE ERFNISSTIGTING

#### Herstelwerk aan die Karel Landman-monument

Hierdie Gerard Moerdijk-ontwerpte monument herdenk die grootste trekgeselskap wat o.l.v. Karel Landman uit die destydse distrik Uitenhage die Groot Trek meegemaak het. Die monument is 'n massiewe betonaardbol waarop 'n ossewa en span osse uitgebeeld word wat van wes na oos oor Suid-Afrika trek. Die ES het met die hulp van dié monument se Geloftefeeskomitee broodnodige herstelwerk laat doen. Die herstelwerk is in Desember 2019 afgehandel en is gedeeltelik deur die *Rupert Historiese Huise Stigting* befonds.



### Die Erfenisbewaringsbewusmakingsprojek (EBB)

Die ES se EBB-projek het die afgelope twee-en-'n-half jaar toegeneem tot 35 komitees reg oor die land. Die komitees, wat uit entoesiastiese vrywilligers bestaan, doen in hulle eie gemeenskappe waardevolle werk: party fokus op die dokumentering van erfenisterreine, terwyl ander boeke skryf oor die geskiedenis van hul streke. Daar is selfs 'n paar komitees wat hulle beywer met die herstel en onderhoud van monumente en die bevordering van kultuurtoerisme. In Januarie het ons ook geskiedenis gemaak met die stigting van EBB Pretoria-Sentraal, wat byvoorbeeld saam met ons sal werk aan 'n konferensie in 2022 om die einde van die Anglo-Boereoorlog te herdenk. Die lede dien op uitnodiging op die komitee en ons is vol vertroue dat hulle groot dinge gaan vermag. Ons is baie opgewonde oor die ondersteuning wat die projek geniet en moedig almal aan wat in die behoud van kulturele erfenis belangstel om deel van die EBB-netwerk te word. Vir meer inligting, kontak asb vir Riana Mulder by museum@es.org.za.

### NUUS UIT DIE ES-ARGIEF

In Januarie is o.m. plakkate van die 1971-Vlagverspreiding van me. H. Jansen ontvang. Dit het aan 'n familielid behoort wat tydens die geleentheid die Stadsklerk van Pretoria was. Verskeie argiefgroepe wat in 2019 ontvang is, sal deur die loop van die jaar ontsluit word. Dit sluit die versamelings van Lillibeth Moolman, Pik Botha en genl.maj. PH (Tienie) Groenewald in.

### KORONAVIRUSPANDEMIE


Die Koronaviruspandemie plaas die Erfenisstigting onder geweldige finansiële druk. Die Erfenisstigting, 'n uitvloeisel van die Voortrekkermonument, is in 2002 gestig om bedreigde erfenis, wat veral vir die breë Afrikaanse gemeenskap van belang is, te beskerm. Die Erfenisstigting versorg ongeveer 10 erfenisterreine landswyd en bestuur die Erfenissentrum met 'n biblioteek en argief met onvervangbare primêre bronne. Daar word 'n beroep op die publiek gedoen om 'n finansiële bydra te lewer en deel te wees van die reddingsaksie om seker te maak dat die Erfenisstigting se deure oop sal bly, sodat die Afrikaner se erfenis in die post-Covid 19-tydperk bewaar en nagevors kan word.

Daar is twee maniere om 'n bydrae te lewer, met die verwysing ERFENISBEWARING.

- EFT na:

Die Erfenisstigting  
ABSA  
4056209535  
632005  
ABSAZAJJ

- SnapScan:



## DIE VOORTREKKERMONUMENT (VTM)



Al is die VTM se deure tydens die inperking gesluit, kan mense steeds 'n besoek deur middel van 'n virtuele toer aflê. Die toer is gratis op die Monument se webwerf beskikbaar. Die inperking het ook 'n groot finansiële impak op die VTM. Volgens Cecilia Kruger, besturende direkteur van die VTM, is sowat 50% van die Monument se inkomste van buitelandse toeriste. Funksies soos konserte, skooltoere en troues moes ook nou gestaak word. Dr. Christo Pretorius, voorsitter van die direksie van die VTM, sê dat getroue besoekers aan die Monument en vriende

langer as 20 jaar finansiël bygedra het deur persoonlike toere, opvoedkundige uitstappies en uitspande. Eensklaps is dit alles weg. Die virtuele toer is geskep om mense bewus te hou van die VTM en diegene wat wil, kan "besoekersgeld" van R50 per gesin deur SnapScan of 'n EFT-betaling bydra. Besoek die Monument deur middel van 'n virtuele toer by: <https://www.vtm.org.za/>.

### VTM-WATERDITINGSPROJEK

Die VTM was sedert sy inwyding in 1949 gereeld onderworpe aan die indringing van reënwater wat tot probleme gelei het soos vog wat die koepel, mure en loopvlakke binnedring en die staal in die gewapende beton verswak, die verf verkleur, die pleisterwerk lig en van die koepelmure laat val. Om die integriteit van die VTM te bewaar, het die Bestuur besluit dat dringende herstelwerk moet plaasvind. In 2019 is aansoek gedoen en het die VTM befondsing van die *Rupert Historiese Huise Stigting* ontvang om 'n permanente oplossing te vind. Die Erfenisstigting is versoek om die projek te bestuur. 'n Ingenieursmaatskappy wat in die soort projekte spesialiseer is aangestel om ondersoek in te stel, wat onder meer 'n analise van 'n klein gedeelte van ongeveer 2 m x 8 m van die boonste loopvlak aan die suidekant van die VTM insluit. Die uitslag van die ondersoek sal die basis vorm van die finale ingenieursvoorstel wat die grondslag van die toestemmingsaansoek sal wees wat by die SA Erfenishulpbronagentskap ingedien moet word.



*Rooi blokkie dui ondersoekarea aan.*

### **Conservation of informal graves and graveyards near Blinkwater Nature Reserve**

In July 2018, Celeste Rossouw, the Senior Heritage Officer of Amafa/Heritage/Erfenis KwaZulu-Natal, planned to survey Blinkwater Nature Reserve for heritage resources. However, the neighbouring community brought the plight of several informal graveyards with historic significance to her attention.

The Blinkwater Hiking Trial extends from the Blinkwater Nature Reserve through Sappi forests and takes the hiker past several historic sites, including: the graveyard of the Van Rooyen family – Dutch settlers involved in the establishment of Greytown; the Liversage family graveyard – including the grave of Rev Samuel Liversage from Yorkshire, who established Wesleyan Methodist churches and schools in South Africa and did missionary work amongst the Zulu people; the grave of Rev Zondi, who was a student of Liversage.

These fragile sites have suffered vandalism in recent years. In the Van Rooyen graveyard, grave robbers 'excavated' some graves up to a depth of 4m and apparently removed the skeletal remains. Headstones were removed and pieces of ledger and curbing laid strewn in the yard. The site was overgrown with vegetation and it was difficult to see the excavated holes. This created a potentially hazardous situation and Sappi would be held liable for any injuries caused to staff and wild animals.

The Liversage Missionary graveyard was not as affected and only a small number of headstones were removed. Although Rev Zondi's grave was not affected by vandalism, forestry trees were planted too close to his grave. Amafa's grave policy requires a buffer zone of 25m around any informal grave or graveyard. This measure ensures that the secondary effect of heavy forestry

machinery as well as the harvesting and felling process does not compromise heritage resources.

A survey and condition report with management recommendations was submitted to Sappi manager, Neil Dobeyn. A subsequent visit to the sites on 5 September 2018 revealed that Sappi rehabilitated the graveyards by filling up the holes. Vegetation was cleared from both the Liversage and Van Rooyen graveyards and trees planted too close to the graves were cut down and would be removed at a later stage. The area around Rev Zondi's grave was also cleared.



Figures No. 1-2 indicates the condition of the Van Rooyen graveyard with graves excavated up to a depth of 4m and overgrowth covering the yard.

Amafa would like to commend Sappi, and Neil Dobeyn specifically, for clearing the graveyards and making them accessible again. Sappi also undertook to provide Amafa pamphlets to inform their staff and contractors of policies applicable to graveyards. The 25m buffer policy, which was implemented around the graves at Blinkwater, is also implemented by Sappi's head office at all their sites in KwaZulu-Natal.



Figures No.3-4 presents a photo of the rehabilitated Van Rooyen graveyard under the support of the manager of Sappi, Mr. Neil Dobeyn.

### **FAK-GENEALOGIELESENNAAR**

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) het besluit om vanjaar 'n FAK-Genealogielessenaar te vestig om ondersteuning vir genealogiese navorsers te bied. Isabel Groesbeek sal in beheer van dié genealogielessenaar wees. Sy behartig familienavorsing al vir meer as 30 jaar. Groesbeek vertel: "Alhoewel genealogiese navorsing wêreldwyd een van die belangstellings/stokperdjies is wat jaarliks groei, is genealogiese navorsing tans in Suid-Afrika aangewese op enkele professionele navorsers, vrywilligers in die vakvereniging, die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika en biblioteek- en argiefdienste verspreid oor die land. "Die internetdata skep gevaar dat belangstellendes net data klakkeloos naskryf, sonder raadpleging van primêre bronne en die FAK-Genealogielessenaar kan 'n bydra lewer om lede van die publiek meer bewus te maak en ondersteuning te bied vir die wetenskaplike navorsingsmetodiek en bewaring van kultuurerfenis." Groesbeek sal onder meer genealogiese konsultasies en werkswinkels reël en lesings aanbied. Sy sal potensiële genealoë mentor, genealogienavorsersregisters opstel en byhou, persoonlike en skriftelike navrae hanteer, 'n genealogiedatabase van FAK-lede se voorouers met behulp van 'n doelgerigte genealogieprogram opbou en genealogie as wetenskap en tydverdryf bemark deur gesprekke, optredes, uitstallings, 'n genealogiefees en skryf van artikels.

Hierdie uitgawe van die *Sonnerad* is saamgestel en versorg deur Petra Luus.

Taalversorgers: Estelle Pretorius (Afrikaans)

Annie Antonites (Engels)

Die Sekretaris  
SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis  
Posbus 11403  
Hatfield  
0028, RSA  
[petra@es.org.za](mailto:petra@es.org.za)



The Secretary  
SA Society for Cultural History  
PO Box 11403  
Hatfield  
0028, RSA  
[petra@es.org.za](mailto:petra@es.org.za)